

Daar is sprekers wat dit deurgaans doen : bv. *ən idi'ʔa:lə dax* 'n ideale dag, *di provənsi'ʔa:lə ra:t* die provinsiale raad.

526. Soms word in die geval onder die vorige paragraaf die stembandeksplisief vervang deur die bewegingsklanke (half-vokale) *j* (vgl. § 794) of *h* (vgl. § 801) : bv. *idi'ja:l* of *idi'ha:l* *idiaal*.

527. Dit gebeur soms dat die stembandeksplisief wegval deurdat 'n medeklinker wat eintlik die voorafgaande lettergreep moes sluit, tot die volgende getrek word : bv. *ja:-'ræyt*, *ja:-'rən*, i.p.v. en naas *ja:r-'ʔæyt*, *ja:r-'ʔən* *jaaruit*, *jaarin*, *fə-'ral* i.p.v. en naas *fər-'ʔal* *veral*.¹

Hierdie „oortrekking” van die medeklinker is gewoon by samestelling wat nie meer as sulks gevoel word nie : bv. *fə-'na:nt* *vanaand*.²

528. In een geval in Afrikaans word die stembandeksplisief ook gehoor na 'n klinker, op die end van 'n lettergreep, nl. in die woordjie *ja* gebruik om 'n stil oorpeinsing of 'n argument af te sluit : bv. *jaʔ*, *vat sal ək sɛ: ja*, *wat sal ek sê* of *jaʔ*, *as-ət ve:r xəbø:r*, *sal-ət ni so: maklək aflo:p ni ja*, *as dit weer gebeur*, *sal dit nie so maklik afloop nie*.³ In plaas van *j* kan ook gehoor word *h* (kyk § 474).

Literatuur.—In verband met die stembandeksplisief verwys ons veral na die diepgaande behandeling by Jespersen, *Lehrbuch*, §§ 69 en 76.

HOOFSTUK XIII.

DIE AFRIKAANSE AFFRIKATE IN BESONDERHEDE.

529. 'N eksplisief kan gevorm word met snel verbreking van die sluiting, of met betreklik langsame verbreking. In die laaste geval is duidelik te hoor die frikatief wat die naaste staan aan die eksplisief in kwessie. So word die *b* in *bat* *bad* gevorm met snel verbreking van die sluiting, maar dis maklik om die verbreking betreklik langsaam te laat plaasvind en in daardie geval word duidelik gehoor die bilabiale frikatief *v* (kyk § 579 volg.), dieselfde as wat baie Afrikaners uitspreek na 'n medeklinker : bv. *tve:* *twee*, *kve:pər* *kweper*, ens., waar ander sê *tve:*, *kve:pər*.

¹ Dieselfde geld van Duits, vgl. Jespersen, *Lehrbuch*, bl. 77.

² By Hollanders, deur wie die dele van die samestelling wel gevoel word, kan dikwels gehoor word *fan-'ʔa:nt*.

³ 'N dergelike gebruik van die stembandeksplisief kan gehoor word in Frans : *wiʔ oui* ; vgl. Jespersen, *Lehrbuch*, bl. 80-81.

530. Eksplosiewe wat gevorm word met langsame verbreking van die sluiting, sodat by die verbreking gehoor word die ooreenstemmende frikatief,¹ word genoem *affrikate*.² Die geheel moet of stemhebbend of stemloos wees. Die frikatiewe gedeelte is niks anders nie as die afloop (vgl. § 343) van die voorafgaande eksplosiewe gedeelte. Die fonetiese teken vir 'n affrikaat bestaan uit 'n verbinding van die tekens vir die respektiewe eksplosief en frikatief: bv. **ts**, **ɕ**, **tʃ**, **tʂ**, ens.

531. Dis moontlik dat meer as een „naaste” frikatief, op die wyse wat beskrywe is in § 529, na 'n eksplosief kan ontstaan, alna die besonder tiepe van eksplosief. Na **t** kan bv. gehoor word 'n **s**, soos in Du. **ts**e:n *zehn*, maar ook 'n **ʃ**, soos in Eng. **tʃ**ɜ:tʃ *church*, waarby die twee **t**'s nie heeltemal eners is nie.

532. Dit kan soms lastig wees om vas te stel of 'n mens te doen het met 'n affrikaat, dan wel met twee aparte klanke, nl. eksplosief plus frikatief. In verband met die grens tussen die twee wys ons op die volgende: by 'n affrikaat moet: (i) die verbreking van die sluiting langsaam wees; (ii) die frikatief kort, d.w.s. nie heeltemal 'n vol klank wees nie (vgl. § 530); (iii) die twee gedeeltes natuurlik 'n nader eenheid vorm.

533. Ons het die volgende affrikate in Afrikaans: **ts**, **tʃ**, **ɕ**, **tʂ**, **dʒ** en **tn**.

ts

534. Daar bestaan net een lid van die Afrikaanse **ts**-foneem. Die vorming van die twee gedeeltes van die Afrikaanse affrikaat **ts** kom in hoofsaak ooreen met die van die ooreenstemmende twee aparte klanke (vgl. §§ 415 en 617). Die vorming van die sluiting by **ts** is as volg:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die punt van die tong, teen die middel, en die blad van die tong, teen die agter van die tandwortels. Die tong is slap en loop, in agterwaartse rigting, skuins ondertoe.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit by die punt van primêre artikulasie, d.w.s. deur die blad-punt teen die tandwortels. Die verbreking van die sluiting is langsaam en aangesien die eksplosiewe gedeelte in die frikatiewe gedeelte ontplof, word daar geen ontploffing waargeneem nie (vgl. § 365 (b)).

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—Vanmekaar, soos vir asem.

ts is dus die *stemlose alweolêre arikaat*.

535. Ons het in Afrikaans oral die affrikaat **ts** waar die twee elemente tot dieselfde lettergreep behoort; waar dit nie die geval is nie, het ons twee aparte klanke, nl. **t + s**. Dit blyk duidelik uit 'n vergelyking van gevalle soos die volgende: **ai-tsa aitsa** naas

¹ „Frikatief” moet hier in die wye sin van vernouingsklank (vgl. § 78 (ii)) geneem word, want dit sluit o.a. die **l** in.


² Vgl. Trofimov-Jones *Pronunciation of Russian*, bl. 105-106.

it-si *ietsie*, rəts *rits* naas rət-sə *ritse*, kəts *kits* naas pət-se:r *pitseer*,¹ ens. (vgl. § 365).

536. **ts** by egte Afrikaanse woorde is so goed as uitsluitend beperk tot die end van 'n lettergreep. Daar's heelwat voorbeelde. By woorde van vreemde oorsprong kom **ts** net aan die begin van 'n lettergreep voor. Daar's egter net 'n paar voorbeelde: o.a. **tsa:r** *tsaar*, **tsətsəflic** *tsetsevlieg*, **tsane:n** *Tzaneen*.

tʃ

537. Die Afrikaanse tʃ-foneem bestaan uit drie lede, waarvan die eerste behandel word in § 538, die tweede in § 542 en die derde in § 546. Dis nie nodig om in 'n breë transkripsie aparte tekens vir die verskillende lede te gebruik nie (vgl. § 162).



Tek. 14.—Tongstand van die eerste lid van die Afrikaanse tʃ-foneem. Die gebroke lyn stel voor die tongstand van die frikatiewe gedeelte. Die tongstand van die tweede lid verskil as volg van die eerste: die punt is ook teen die tandwortels en die „voor” gaan aanmerklik hoër.

538. Die vorming van die eerste lid van die tʃ-foneem is as volg:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die blad van die tong, teen die agter van die tandwortels en die voor van die hardegehemelte, terwyl die punt van die tong ongeveer agter die boonste rand van die ondertande is, sonder dit te raak. Die tande is iets verder van mekaar as by t. Die „voor” gaan tegelykertyd aanmerklik in die hoogte.

¹ Vgl. die Engelse affrikaat **ts** in woorde soos **i:ts** *ats*, **kəts** *cats*, ens. hoewel dit nie algemeen as affrikaat opgevat en veral geartikuleer word nie. Vgl. Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, bl. 112.

Deur hierdie welwing van die „voor”, neem dit die stand in van 'n tiepe van *f*, egter aanmerklik verskillend van die van die gewone *f* (vgl. § 629), Vgl. tek. 14.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit by die punt van primêre artikulasie, d.w.s. deur die blad teen die agter van die tandwortels. Die verbreking van die sluiting is langsaam en aangesien die eksplisiewe gedeelte in die frikatiewe gedeelte ontplof, word daar geen ontploffing waargeneem nie (vgl. § 365 (b)).

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—Vanmekaar, soos vir asem.

tʃ is dus die *stemlose palato-alweolêre affrikaat*.

539. Let daarop dat by die sluitingsgedeelte van die affrikaat, m.a.w. by die *t*-gedeelte, die punt van die tong nie teen die tandwortels is, soos by die gewone *t* nie (kyk § 415), maar na ondertoe. Dit, gevoeg by die palatale karakter van die affrikaat, laat die ongeofende oor dink dat die eksplisiewe gedeelte van *tʃ* 'n tiepe van *c* en nie van *t* is nie. Die vraag of ons te doen het met 'n (tiepe van) *t*, dan wel met 'n (tiepe van) *c* hang nie af van die omstandigheid waar die punt van die tong is nie, maar wel daarvan waar die sluiting gevorm word: alnamate die sluiting, hetsy volkome, hetsy vir die grootste gedeelte (soos hier), teen tandwortels of hardegehemelte gevorm word, het ons respektieflik te doen met 'n *t* of met 'n *c*.

Na die nodige waarneming, sal duidelik gehoor word dat die akoestiese effek van die eksplisiewe gedeelte by elke lid van die *tʃ*-foneem in hoofsaak herinner aan 'n *t*, nie aan 'n *c* nie.

540. Hierdie lid van die *tʃ*-foneem word gehoor in die volgende gevalle:—

(i) By woorde van vreemde oorsprong, nl. by die persone en in die gevalle waar nie 'n tiepe van *c* uitgespreek word nie (vgl. §§ 461 en 462): *tʃap tʃap*, *tʃɛk tʃek*, ens.

(ii) Sowel by woorde van vreemde oorsprong as en veral by die verkleiningsuitgang *-ci*, en wel by heelwat blankes van die K.-W.P., en gekleurdes van die W.P., insonderheid die K.-W.P. 'N deel van hierdie sprekers laat by die verkleiningsuitgang die prepalatale eksplisief *c* hoor (vgl. § 471).

541. Vir die gestadige vervanging van *tʃ* deur *c*, versover dit die verkleiningsuitgang betref, kyk § 473.

542. Die vorming van die tweede lid van die *tʃ*-foneem is as volg:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die punt en blad van die tong, teen die agter van die tandwortels en die voor van die hardegehemelte. Die „voor” gaan tegelykertyd sterk in die hoogte, aanmerklik hoër as by die eerste lid. Ten opsigte van die tandwortels is die tong 'n ietsie meer vorentoe as by die eerste lid, maar beslis meer agtertoe as by *t* (vgl. § 415), soos dadelik blyk uit 'n vergelyking van die *t* van bv. *tɛl tel* met die eksplisiewe element van hierdie *tʃ* in bv. *tʃɛk tʃek*. Die afstand tussen die tande is soos by *t*.

Deur die welwing van die „voor” neem dit die stand in van ’n tiepe van *f*, egter aanmerklik verskillend van die van die gewone *f* (vgl. § 629. Vgl. tek. 14).

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit by die punt van primêre artikulasie, d.w.s. deur die bladpunt teen die agter van die tandwortels en die voor van die hardeghemelte.

Owerigens is daar geen verskil in vorming tussen hierdie en die vorige lid nie.

Ons noem hierdie *tj* eweneens die *stemlose palato-alweolêre affrikaat*.

543. Daar hoef nie noemenswaardige akoestiese verskil tussen hierdie twee lede van die *tj*-foneem te wees nie. Versover daar akoestiese verskil aanwesig is, word die volgende waargeneem: (i) die karakter van *t* is duideliker by die tweede lid,¹ (ii) die palatale karakter is duideliker by die tweede lid, ten gevolge van die hoër gaan van die tong.

544. Hierdie lid word gehoor—

(i) By woorde van vreemde oorsprong, nl. by die persone en in die gevalle waar nie hetsy ’n tiepe van *c*, hetsy die eerste lid van die *tj*-foneem uitgespreek word nie (vgl. §§ 461, 462 en 540 (i)).

(ii) Sowel by woorde van vreemde oorsprong as en veral by die verkleiningsuitgang *-ci*, en wel by heelwat blankes van die K.-W.P. en gekleurdes van die W.P., insonderheid die K.-W.P. ’N deel van hierdie sprekers laat by die verkleiningsuitgang die prepalatale eksplisief *c* hoor (vgl. § 471).

545. Vir die gestadige vervanging van *tj* deur *c*, versover dit die verkleiningsuitgang betref, kyk § 473.

546. Die vorming van die derde lid van die *tj*-foneem verskil net in een opsig van die van die tweede (en feitlik ook van die van die eerste lid), maar dit het ’n duidelike akoestiese verskil ten gevolge. Hierdie verskil geld:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die punt en blad van die tong, teen die agter van die tandwortels en die voor van die hardeghemelte. Die „voor” gaan tegelykertyd ’n bietjie in die hoogte, maar aanmerklik minder as by die eerste lid en natuurlik heelwat minder as by die tweede. Daar is sydelingse sametrekking in die „voor”, waardeur iets van ’n gleufie ontstaan, in teëstelling met die bloot gewelfde vorm by die eerste en tweede lid. Die tong is, wat betref die tandwortels, ’n ietsie meer agtertoe as by die tweede lid. Die afstand tussen bo- en ondertande is tussen die van die eerste en tweede lid.

Die kenmerkende verskil tussen hierdie lid en die vorige twee lê in die frikatiewe gedeelte: die vernouing is hier swakker, deurdad die „voor” nie so hoog gaan nie, en daar is sydelingse sametrekking. Die „voor” neem hier ’n uitgesproke *f*-stand aan (vgl. § 629), waardeur die frikatiewe gedeelte hier ’n uitgesproke *f*-karakter aanneem. Die middel van die tong is hier ’n bietjie

¹ y gebrekkige waarneming, herinner die eerste lid aan *c*, met die stand waarvan dit dan ook sekere ooreenkoms vertoon.

hol, d.w.s. laer as respektieflik die „voor” en „agter”; by die eerste en tweede lid is die tong gewelf. Hierdie lid is duidelik verskillend van die vorige twee deur sy uitgesproke *f*-karakter, sy sissende klankeffek.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit by die punt van primêre artikulasie, d.w.s. deur die bladpunt teen die agter van die tandwortels en die voor van die hardeghemelte. Wanneer diesluiting verbreek word, bly die punt van die tong in die hoogte, terwyl die sydelingse sametrekking in die „voor” en die gevolglike gleufie ook in voorwaartse rigting ontstaan. By die tweede lid gaan die „punt”, na die verbreking, duidelik in die laagte (op sy beurt ’n gevolg van die omstandigheid dat die „voor” hier nader by die hardeghemelte is, die stand dus meer palataal is); by die eerste lid is die „punt” vanself onder.

Verder kom die vorming van hierdie lid ooreen met die van die vorige twee.

Ons noem hierdie lid eweneens die *stemlose palato-alweolêre affrikaat*.

547. Hierdie lid word gehoor:—

(i) By woorde van vreemde oorsprong, nl. by die persone en in die gevalle waar nie hetsy ’n tiepe van *c*, hetsy die eerste of tweede lid van die *tj*-foneem uitgespreek word nie (vgl. §§ 461, 462, 540 (i) en 544 (i)). Behalwe by woorde van baie jong datum, bv. *tjɛk tjek*,¹ sal dit darem die klein minderheid wees wat hierdie lid, en nie een van die vorige twee, laat hoor nie.

(ii) Sowel by woorde van vreemde oorsprong as en veral by die verkleiningsuitgang *-ci*, en wel by ’n aantal blankes van die K.-W.P. en gekleurdes van die W.P., insonderheid die K.-W.P. ’N deel van hierdie sprekers laat by die verkleiningsuitgang die prepalatale eksplosief *c* hoor (vgl. § 471).

548. Vir die gestadige vervanging van *tj* deur *c*, versover dit die verkleiningsuitgang betref, vgl. § 473.

549. By woorde van vreemde oorsprong en by die verkleiningsuitgang het ons dus, ten opsigte van die *c-tj*-vraagstuk, vier moontlike uitsprake:—

- (1) die palatale eksplosief *c*;
- (2) die prepalatale eksplosief *c*;
- (3) die eerste of tweede lid van die *tj*-foneem (as een beskou);
- (4) die derde lid van die *tj*-foneem.

By woorde van vreemde oorsprong behoort (1) blykbaar tot die besliste minderheid; daarentêë is (1) die reël by die verkleiningsuitgang, terwyl (4) hier stellig tot die klein minderheid behoort, en hard aan verdwyn is, altans wat die blanke betref, op die oomblik is dit ewenwel nog te hoor by goed opgevoede, beskaaf-sprekende blankes van die K.-W.P.²

¹ Woorde m.a.w. wat duidelik nog as vreemd gevoel word en daarom hulle vreemde uitspraak behou het.

² Versover dit die verkleiningsuitgang betref, is die gebruik van *tj* (onverskillig watter lid), i.p.v. *c*, veral by die Slamaaiër-bevolking waar te neem. Dit word ook wel die „Slamaaiër”-uitspraak genoem.

ǃ

550. ǃ is die stemhebbende vorm van tj. Daar is drie lede van die ǃ-foneem, wat in vorming ooreenstem met die drie respektiewe lede van die tj-foneem en waaromtrent respektieflik dieselfde op te merk is, met uitsondering van een punt, wat as volg is:—

(iv) *Stand van die stembande.*—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word.

ǃ is dus die *stemhebbende palato-alweolêre affrikaat*.

Dis nie nodig om in 'n breë transkripsie aparte tekens vir die drie lede te gebruik nie (vgl. § 162).

551. ǃ word gehoor in die volgende twee gevalle:—

(i) By 'n paar woorde van vreemde oorsprong: **kilimandǃa:ro:** *Kilimandjaro*, **ǃǃli jellie**.¹

(ii) Behalwe by 'n paar woorde van vreemde oorsprong (i), ook en veral i.p.v. die halfvokaal j (vgl. § 794) by 'n aantal blanke van die K.-W.P. en gekleurdes van die W.P., insonderheid die K.-W.P.: **ǃǃei jy**, **ǃǃok jok**, **ǃǃamər jammer**, ens.

'N deel van hierdie sprekers spreek i.p.v. ǃ die prepalatale stemhebbende frikatief j uit (vgl. § 651).²

552. By woorde van vreemde oorsprong en by Afrikaanse woorde het ons dus, ten opsigte van die j-ǃ-vraagstuk, vier moontlike uitsprake:—

- (1) die halfvokaal j;³
- (2) die stemhebbende prepalatale frikatief j;
- (3) die eerste of tweede lid van die ǃ-foneem (as een beskou);
- (4) die derde lid van die ǃ-foneem.

By woorde van vreemde oorsprong is (3) of (4) die reël. By eg Afrikaanse woorde is (1) die reël, maar daar is stellig baie wat (2) laat hoor, veral in die W.P.

553. Daar is wat betref § 551 (ii) 'n inkrimping van gebied van ǃ i.p.v. j, versover dit egte Afrikaanse woorde geld. Hieromtrent is dieselfde op te merk as by c (kyk § 473). Op die oomblik kan ǃ nog gehoor word by goed opgevoede, beskaafde blanke van die K.-W.P.⁴

¹ By mense wat niks vreemds in hierdie woorde voel nie, of weinig of geen kennis besit van die tale waaraan sodanige woorde ontleen is nie, kan j gehoor word i.p.v. ǃ: bv. **jǃli** of **jǃli**.

² Afgesien van hierdie sprekers, is daar, onverskillig wat die lokaliteit is, sprekers wat by die uitspraak van j „op hulle tande byt,” soos die populêre uitdrukking lui. Sodanige persone laat dan i.p.v. j hoor die prepalatale frikatief j of een van die eerste twee tiepes van die ǃ-foneem. Merkwaardig is dit dat ǃ baie gewoon is by Hollandse Afrikaners in die Umvoti-distrik, Natal.

³ Die feit dat soms die frikatief j (vgl. § 651) kan gehoor word, laat ons hier buiten beskouing.

⁴ Versover dit egte Afrikaanse woorde betref, is die gebruik van ǃ i.p.v. j veral by die Slamaaiër-bevolking waar te neem. Dit word ook wel die „Slamaaiër”-uitspraak genoem.

tʃ

554. Die tʃ-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die twee gedeeltes, op 'n paar punte na, ooreenstem met die afsonderlike klanke (vgl. § 415 en § 722).

Die vorming van tʃ is as volg :—

(i) *Artikulerende organe.*—Die punt van die tong, teen die middel, en die blad van die tong, teen die agter van die tandwortels, met gelyktydige geringe verhoging van die voor van die tong in die rigting van die hardeghemelte.

(ii) *Stand van die mondkanaal.*—Volkome afgesluit by die punt van primêre artikulasie, d.w.s. deur die bladpunt teen die tandwortels. Die verbreking van die sluiting vind egter net aan die een kant plaas (altans nie in die middel nie). Die verbreking is langsaam en daar die t in die l ontplof, word geen ontploffing waargeneem nie (vgl. § 365 (b)). Let daarop dat die frikatiewe gedeelte nie 'n stemlose l is nie, d.w.s. geen l̥ nie, maar 'n stemlose laterale frikatief, nl. ʃ. Die verskil tussen l̥ en ʃ is dit: by die laaste is die vernouing sterker en die asemstoot kragtiger.

(iii) *Stand van die neuskanaal.*—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande.*—Vanmekaar, soos vir asem.

tʃ is dus die *stemlose alveolêr-laterale affrikaat*.

555. tʃ word gehoor waar t gevolg word deur l van die uitgang -læk(s) -lik(s), versover 'n ander medeklinker (n, r) voorafgaan, m.a.w. waar t en l tot dieselfde lettergreep behoort: *ein-tʃæk eintlik*, *mo:n-tʃæk moontlik*, *kər-tʃæk(s) kortlik(s)*, ens. (vgl. § 365).

556. Wanneer t voorafgegaan word deur 'n klinker (tweeklank ingeslote), is dit beter om t en l te beskou as behorende tot aparte lettergrepe: *bəsmɛt-læk besmetlik*, *feit-læk feitlik*, *ʒ:fərxe:t-læk onvergeetlik*, *skat-læk skatlik*, ens.

Ook in hierdie geval ewenwel kan die affrikaat gehoor word: bv. *bəsmɛ-tʃæk besmetlik* (vgl. § 365).

557. Die punte van verskil tussen t+l en die affrikaat tʃ is die volgende :—

(i) By t+l is die t sonder ontploffing (vgl. § 365), terwyl die t by tʃ sydelings ontplof, maar in ʃ. Dan word natuurlik duidelik gevoel dat t+l twee klanke is: daar is 'n pouse tussenin, terwyl tʃ 'n eenheid vorm.

(ii) By tʃ gaan die voor van die tong enigszins in die rigting van die hardeghemelte, by t+l nie.

(iii) By t+l is l stemhebbend. By tʃ is die frikatiewe gedeelte stemloos. Hierdie verskil blyk duidelik by die vergelyking van t+l in 'hart-lo:p *hardloop* met tʃ in dieselfde woord, net anders geaksenteuer, *har-tʃlo:p* (soos dikwels uitgespreek as aansporing vir iemand om gou te maak). Wanneer in die verbinding t+l die laterale element stemloos is, ontstaan vanself die affrikaat tʃ.

558. Vir tʃ uit dʒ, kyk § 565.

559. **k + l**, versover die twee elemente tot een lettergreep behoort, gaan by sommige sprekers oor tot die affrikaat **tl**: **tlə:f** vir **klo:f** *kloof*, **tləy:t** vir **kləy:t** *kluit*, **tləp** vir **kləp** *klip*, ens.

560. Hierdie oorgang is maklik te verklaar. Voor die sluiting vir **k** verbreek word, is die gedeeltelike sluiting vir **l** reeds gevorm (vgl. § 363 (a)). **l** het egter dieselfde artikulasiepunt as **t** (vgl. § 724). Gevolglik word **k** hier vervang deur **t**, as 'n gevolg van gedeeltelike assimilasië (vgl. § 840).

561. Hierdie oorgang word waarskynlik veral waargeneem namate die binnelande bereik word,¹ in sommige dele waarvan dit gewoon is. Onder kinders kan dit oor die hele spraakgebied gehoor word. Die akoestiese verskil is taamlik gering en hieraan moet dit toegeskrywe word dat die bestaan van die klankverskynsel meestal aan die oor ontsnap.²

dl̥

562. Van die **dl̥**-foneem bestaan daar net een lid. Dis die stemhebbende vorm van **tl**, met die vorming waarvan dit ooreenstem, op een punt na, nl.:—

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word.

dl̥ is dus die *stemhebbende alweolér-laterale affrikaat*.

563. **dl̥** word gehoor in verband met die uitgang **-lək -lik**, **dəy-dl̥ək** *duidelik*, **do:-dl̥ək** *dodelik*, **ɔmə-dl̥ək** *onmiddellik*, ens. Uit die aard van die saak kom **dl̥** net aan die begin van 'n lettergreep voor (vgl. § 371).

564. By gevalle van besonder nadruk kan **ə** ingevoeg word tussen **d** en **l**: **dəydl̥ək**, **do:dl̥ək**, ens. Dit is ewenwel die uitsondering.³

565. In gevalle van besonder nadruk, o.a. by bevele, kan **dl̥** oorgaan tot **tl**, **da:-tl̥ək**, **dəy:-tl̥ək**, waarby daar in besondere mate gerus word op die stamlettergreep. Hierdie verskerping sal die gevolg wees van die emosionele faktor.⁴

tn

566. Net soos **kl** oorgaan tot die affrikaat **tl**, so gaan **kn** oor tot die affrikaat **tn**, versover **k** en **n** tot dieselfde lettergreep behoort: **tnəip** vir **kneip** *knyp*, **tno:p** vir **kno:p** *knoop*, ens. Dit kom net voor aan die begin van 'n lettergreep.

¹ Vgl. T. H. le Roux, *Beschrijvende Klankleer*, § 34 en J. le Roux, *Handleiding*, bl. 27.

² Volgens Jespersen, *Lehrbuch*, § 172, kom hierdie verskynsel ook in Engels voor: bv. **tlaim** vir **klaim** *climb*. Dieselfde geleerde sê rens in *Language* dat hierdie klankoorgang 'n algemene taalverskynsel is, d.w.s. nie tot een of ander taal beperk is nie.

³ Daarom is die spelling *-klik* af te keur en behoort dit *-lik* te wees: *doodlik*, *reedlik*, ens. Vgl. die eerste outeur in *Gedenboek ter ere van die Genootskap van regte Afrikaners*, bl. 274-75.

⁴ Vgl. Jespersen, *Language*, bl. 276-277. Die meerder krag, groter asemstoot, waarmee 'n nadruksvorm uitgespreek word, deurgaans die gevolg van emosionele faktore, is oorsaak dat die stemhebbende affrikaat **dl̥** vervang word deur sy stemlose maat **tl**: stemlose klanke word met 'n sterker asemstoot uitgespreek as die ooreenstemmende stemhebbende vorm.

567. Die vorming van die **tn**-foneem, waarvan daar net een lid bestaan, is as volg:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die punt van die tong, teen die middel, en die blad van die tong, teen die agter van die tandwortels, met gelyktydige geringe verhoging van die voor van die tong in die rigting van die hardegehemelte.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit by die punt van primêre artikulasie, d.w.s. deur die bladpunt teen die tandwortels. Die verbreking van die sluiting is langsaam en daar **t** in **n** ontplof, word geen ontploffing waargeneem nie (vgl. § 365). Let daarop dat die frikatiewe gedeelte nie 'n stemlose **n** is nie, maar 'n stemlose nasale frikatief (vgl. § 554 (ii)).¹

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit wat die **t**-gedeelte betref.

(iv) *Stand van die stembande*.—Vanmekaar, soos vir asem.

tn is dus die *stemlose alweolêr-nasale affrikaat*.

568. Omtrent die gebied van **tn** is waarskynlik dieselfde op te merk as by die van **t** uit **kl**, m.a.w. dis waarskynlik dat die twee affrikate by dieselfde persone gehoor word.

569. Omtrent die ontstaan van die affrikaat en die klankeffek is dieselfde op te merk as by **t** uit **kl** (vgl. §§ 560 en 561).

HOOFSTUK XIV.

DIE AFRIKAANSE FRIKATIEWE.

STEMHEBBENDE FRIKATIEWE.

570. Voor ons daartoe oorgaan om die frikatiewe in besonderhede te behandel, moet eers 'n paar algemene opmerkinge oor stemhebbende frikatiewe voorafgaan.

571. 'N stemhebbende frikatief kan, wat die stembande betref, op een van twee maniere gevorm word:—

(i) Met stem gedurende die hele vernouing. Dit is die geval in Afrikaans (vir die geval na 'n stemlose medeklinker kyk § 573): bv. die **v** in **vas** *was*. Sodanige frikatief heet *volledig-stemhebbend* (vgl. § 353 (a)).

(ii) Met stem gedurende slegs 'n gedeelte van die vernouing, maar met dien verstande dat die frikatief in hoofsaak stemhebbend is. So kan 'n stemhebbende frikatief stemloos begin, bv. die **v** van Eng. **vout** *vote* of die **v** van Ndl. **v**e:l *veel*; òf dit kan stemloos eindig, soos die **v** van Eng. **li:v** *leave*.² Sodanige frikatief heet *gedeeltelik-stemhebbend* (vgl. § 353 (b)).

¹ Daar bestaan geen aparte teken vir die frikatief **n** nie.

² Van vernouingsklanke (vgl. § 78 (ii)) geld oor die algemeen dieselfde.

³ Vgl. Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 605.

572. In 'n getroue transkripsie sou genoemde Eng. en Ndl. woorde getranskribeer word f_{vout} , $f_{ve:l}$ en $li:v^f$, waar f by die eerste twee woorde die aanloop, by die laaste die afloop van die betrokke frikatief is (vgl. § 343).

573. Na 'n stemlose medeklinker begin 'n stemhebbende frikatief in Afrikaans ook stemloos: bv. die v van $tve:p$ *twee* of van $sve:p$ *sweep*, in teëstelling met bv. die v van $dve:p$ *dweep*. Die mate van stemloosheid is hier ewenwel baie geringer as in die geval van Engels of Nederlands, so gering dat dit in 'n breë transkripsie nie in aanmerking geneem word nie. Daar sal dus verder op hierdie mate van stemloosheid nie ag gegee word nie.

574. Wie die bepaalde tiepe van frikatief, hetsy volledig-stemhebbend, hetsy gedeeltelik-stemhebbend, nie in sy taal besit nie, vind dit moeilik om die ontbrekende tiepe uit te spreek.

575. So het ons baie moeite, veral in die deurlopende gesprek, om die gedeeltelik-stemhebbende tiepe uit te spreek. Bekend is ons moeilikheid met die Ndl. v (kyk § 594) en z (kyk § 628). Deurgaans doen ons een van twee dinge: ons maak die klanke volledig-stemhebbend, of ons spreek die sogenaamde stemlose v en z uit, foneties voorgestel v^h , z^h , (vgl. § 354). Die eerste, oordrewe tiepe is vir die Nederlandse oor stellig die hinderlikste, hoewel ons ons die teendeel voorstel.

576. Die maklikste manier om te leer om die gedeeltelik-stemhebbende tiepe uit te spreek is die volgende: spreek die stemlose lid uit en hou dit aan; gaan onderwyl oor tot ə , wat ongeveer dieselfde tongstand het van sowel die stemlose as die stemhebbende tiepe. Vir die volledig-stemhebbende tiepe moet die omgekeerde proses gevolg word. Dis 'n doodeenvoudige saak om die aparte klank op hierdie manier te leer uitspreek. Al wat nou moet gedoen word is om te oefen om die betreffende klank in die deurlopende gesprek korrek te laat hoor.

577. Net soos in die geval van eksplousiewe (vgl. § 371), kom stemhebbende frikatiewe in Afrikaans nie op die end van 'n lettergreep voor nie: *lif lief* naas *li-və lieue*, *lif-də liefde* naas Ndl. *liv-də liefde* (vgl. § 370).

DIE AFRIKAANSE FRIKATIEWE IN BESONDERHEDE.

578. Afrikaans besit nege frikatieffoneme, wat deur die volgende fonetiese tekens voorgestel word: v , $f-v$, $s-z$, \int , $\int-j$ en x . Die wat met 'n koppelteken verbind is, stel 'n paar voor, stemloos en stemhebbend.

v

579. Die Afrikaanse v -foneem bestaan uit drie lede, waarvan die eerste behandel word in § 580, die tweede in § 583 en die derde in § 585. Dis nie nodig om in 'n breë transkripsie aparte tekens vir die drie lede te gebruik nie.

580. Die eerste lid van die *v*-foneem word as volg gevorm:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die twee lippe, wat 'n bietjie gerond en 'n bietjie vooruitgesteek word, terwyl die voor van die tong 'n bietjie in die hoogte gaan.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Vernou by die punt van artikulasie, d.w.s. tussen die twee lippe.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

v stel voor die *stemhebbende bilabiale frikatief*.

581. Die *v*-foneem, onverskillig watter lid, kom net voor na 'n medeklinker aan die begin van 'n lettergreep¹; in ander posiesies word die *v*-foneem gehoor. In die uitspraak van sommige Afrikaners kom die *v*-foneem egter glad nie voor nie (vgl. § 587).

582. Die eerste lid van die *v*-foneem word gehoor wanneer die voorafgaande medeklinker nie 'n velêre medeklinker is nie: *tve: twee, sve:p sweep*, ens.

583. Die tweede lid van die *v*-foneem verskil van die eerste net ten opsigte van:—

(i) *Artikulerende organe*.—Hier gaan die agter van die tong 'n bietjie in die hoogte, terwyl die lippe 'n ietsie meer sowel gerond as vooruitgesteek word.

584. Hierdie lid word gehoor na 'n velêre medeklinker, in die werklikheid na *k* en *g*: *kue:pər kweper, kuas kwas, guari ghwarrie*, ens.

585. Die derde lid van die *v*-foneem verskil van die eerste net ten opsigte van:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die lippe word nie gerond of vooruitgesteek nie, maar net spleetvormig gemaak, waarby die spleet verskillend kan wees in breedte en diepte. Die tong is in die *ə*-stand (neutrale stand of die stand van rus). Na 'n velêre medeklinker sal daar ook hier wel 'n klein ietsie verhoging van die „agter” wees, maar dis so gering dat dit negeer kan word.

586. Die verskil tussen hierdie lid en *v* (vgl. § 610) is by sommige persone so gering dat dit nodig word om die lippe van die spreker waar te neem, ten einde seker te wees dat 'n tiepe van *v* en nie die labiodentale *v* uitgespreek word nie.

587. Daar is baie sprekers, o.a. die eerste outeur, wat glad nie die *v*-foneem in hulle uitspraak besit nie. Hierdie sprekers gebruik dwarsdeur die *v*-foneem.² Daarom word in hierdie boek, afgesien van die voorbeelde ter illustrasie, dwarsdeur die teken *v* gebruik. Dit moet egter goed verstaan word dat diegene wat *v* uitspreek, ver wag word om dit te skrywe.

¹ Onder Engelse invloed kom hy moontlik ook voor aan die begin van 'n lettergreep (of liever die halfvokaal *w*), maar sodanige gevalle bly hier natuurlik buiten rekening.

² Wanneer sodanige persone met Engels beginne, veral as kind, kan hulle dan ook baie moeite met Eng. *w*, soos bekend is.

588. Die gebied van die v-foneem kan op sy bes in die algemeen aangeduie word. In die W.P. is die v-foneem gewoon, maar v kan gehoor word, sonder dat dit die indruk wek van prowinsiaal of „plat”. Namate die binnelande bereik word, kan die v-foneem (sonder hier tussen die lede te onderskeie) as die gewone klank beskou word. Dit geld natuurlik nie in dieselfde mate van stede en (groter) dorpe nie, omdat hierdie sentra 'n beslissende aantal bewoners kan bevat wat, in minder of meer direkte lyn, uit die gebied van die v-foneem afkomstig is.

As die spraakgebied as geheel geneem word, mag waarskynlik gesê word dat meer sprekers v gebruik as v.

589. Ons het drie lede van die v-foneem onderskeie. Daar bestaan meer nuanses, waarvan die onderlinge verskil uiters gering kan wees. Die een uiterste is die tiepe van v wat sterk herinner aan die Engelse w (vgl. egter § 590); die ander uiterste is die tiepe van v wat, hoewel natuurlik bilabiaal, so weinig verskil van v dat dit nodig kan wees om goed te let op die mond van die spreker om die onderlinge verskil te vat. Dit kom dan ook dikwels voor dat persone wat intieme omgang met mekaar het nie bewus is van die omstandigheid dat die een v, die ander v uitspreek nie. Waar ewenwel 'n duidelike tiepe van v uitgespreek word, is die verskil tussen sodanige tiepe en v duidelik hoorbaar en sigbaar.

590. Oor die algemeen is Afr. v duidelik te onderskeie van Eng. w, deurdat by die laaste:—

- (i) die lippe meer gerond en vooruitgesteek word;
- (ii) die agter van die tong meer in die hoogte gaan.
- (iii) daar minder friksie is.

f

591. Die Afrikaanse f-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die vorming as volg is:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die onderlip teen die botande, terwyl die tong ongeveer in die ə-stand (die neutrale stand of stand van rus) is.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Vernou by die punt van artikulasie, d.w.s. tussen die onderlip en die botande.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—Vanmekaar, soos vir asem.

f is die *stemlose labiodentale frikatief*.

592. f is 'n baie gewone klank in Afrikaans, sowel aan die begin as op die end van 'n lettergreep, beide naas klinkers en in verbinding met bepaalde medeklinkers: **fe:s fees**, **feit feit**, **floeks fluks**, **fran̄k frank**, **laf laf**, **doeyf duif**, **kalf kalf**, **x̄erf gerf**, ens.

593. In die gewone ortografie vind ons die f-foneem aan die begin van 'n lettergreep soms voorgestel deur f en soms deur v. Hierdie spelling is uit Nederlands oorgeneem, waar dit reg van bestaan het. By ons is dit in hoofsaak geheuewerk om te weet

waar om *f* en waar om *v* te skrywe, aangesien die klank wat die laaste letter in Nederlands voorstel glad nie in Afrikaans bestaan nie.¹

594. In Nederlands staan *v* (afgesien natuurlik van gevalle van woord- en sinsassimilasie) vir die stemhebbende vorm van *f*. In hierdie werk sal ons hierdie klank voorstel deur *ɸ*. Die klank begin, op sigself geneem, stemloos, is m.a.w. gedeeltelik-stemhebbend (vgl. § 571 (ii)).

Soos gesê, is dit die stemhebbende vorm van *f*. *ɸ* (vgl. § 610) word deur ons in hierdie werk genoem die stemhebbende vorm van *f*, wat dit van Afrikaanse standpunt ook genoem mag word. Maar, afgesien van die stembande, is daar die volgende verskil tussen die artikulasie van Afr. *f* en *ɸ* (wat vir Nederlands netsogoed geld): die onderlip gaan by *ɸ* 'n bietjie meer agtertoe en is iets stewiger teen die botande, waardeur die vernouing iets strawwer word. By Ndl. *ɸ* het ons daarenteë dieselfde artikulasie as by *f*.²

595. *f* wat teruggaan op Ndl. *ɸ*, verskyn in Afrikaans tussen klinkers of tussen *l*, *r*, *m*, *n* en 'n klinker as *v* versover die lettergreep nie die hoofklem het nie. As die lettergreep die hoofklem het, bly *f* bewaar: *dœyf duif*, mv. 'dœyvə (vgl. Ndl. *dœyvə duiven*), *sla:f slaaf*, mv. 'sla:və (vgl. Ndl. *sla:və slaven*), *aktif aktief*, verboë vorm *aktivə* (vgl. Ndl. *aktivə aktiewe*), *rə'sgrvə reserve* (vgl. Ndl. *re:sgrvə reserve*), ens., maar *sla:fən slavín*, *rəsər'fe:r reserveer*, ens.

596. By verkleinwoorde gaan *f* in die geval onder § 595 nie oor tot *v* nie: 'dœyfi *duifie*, 'sla:fi *slafie*, ens.

597. By die volgende woorde sal die behoud van *f*, waarin die Afrikaanse uitspraak van Ndl. *ɸ* moet gesien word,³ te danke wees aan kultuur-, nl. Bybelinvloed: *e:fā'xe:li evangelie* en by afleidinge van hierdie woord, 'e:fa *Eva* en 'le:fi *Levi*. Die omstandigheid dat hierdie woorde dikwels in hulle Afrikaans-Nederlandse vorm ontmoet is en nie gewone Afrikaanse woorde geword het nie, soos bv. die persoonsnaam 'da:vət *Dawid* (vgl. Ndl. *da:vət David*), het ten gevolge gehad dat die Afrikaans-Nederlandse uitspraak bewaar is en *ɸ* nie oorgegaan het in *v* nie.

598. Ons vind *f* egter ook by 'malfa *malva* (vgl. Ndl. 'malvə *malve*) en, ten spyte van die hoofklem, *ɸ* by xra've:l *graweel* (vgl. Ndl. gra:'və:l *graveel*). In 'e:fi *Efie* het ons wel 'n verkleinwoord te sien (vgl. § 596).

¹ Dis dan ook uiters wenslik dat ons net een letter moet gebruik, wel die *f*. Ons sou dan doen wat reeds sedert jaar en dag gebruiklik is by *s—z*. Vgl. die eerste outeur in *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*, bl. 261-262.

² Vgl. vir die uitspraak van Ndl. *ɸ*, wat vir die vreemdeling maar alte dikwels 'n sjibbolet is, die volledige en duidelike behandeling van Van Hamel in *Album-Kern*, bl. 363-367.

³ Die Afrikaner spreek Ndl. *ɸ* gewoonlik uit as *f* (sommige maak daar *v* van). Wie nie vertrouwd met Nederlands is nie, meen dat Ndl. *f* en *v* een klank voorstel, dus bloot skryftradisie is, net soos in Afrikaans.

599. By jonger woorde, deurgaans woorde van vreemde oorsprong, bestaan daar dikwels verskil van uitspraak, of ook onvastheid, waarby die een onder Nederlandse, die ander onder Engelse invloed staan. So sal die een sê **profənsi** *provinsie*, die ander **provənsi**, die een sal sê **pro fisi**, die ander **pro'visi** *proviesie*.¹ Vir eg-Afrikaanse woorde is die formulering van § 595 nietemin die juiste, terwyl jonger woorde oor die algemeen meer dieselfde weg volg namate hulle meer ingeburger raak.

600. Waar **f** in dieselfde posiesie beantwoord aan Ndl. **f**, bly hy bewaar, hoewel sonder hoofklem: '**ta:fəl** *tafel*, (vgl. Ndl. '**ta:fəl** *tafel*), '**tvɛifəl** *twyfel* (vgl. Ndl. '**tvɛifəl** *twijfel*), '**xafəl** *gaffel* (vgl. Ndl. '**gafəl** *gaffel*), ens.

601. By vorme binne die fleksie is daar 'n sterk, toenemende neiging om **f**, beantwoordende aan Ndl. **f**, tussen klinkers in 'n lettergreep sonder hoofklem as **v** te doen optreë: '**stɔvə** *stowwe*, mv. van **stɔf** (vgl. Ndl. '**stɔfə** *stoffen*), '**stravə** *strawwe*, mv. van **straf** (vgl. Ndl. '**strafə** *straffen*), en ook by die verboë vorm van die bnw. **straf** *straf*—**stravə** *strawwe* (vgl. Ndl. '**strafə** *straffe*), ens.

602. Ook by vorme buiten die fleksie kan **f** in hierdie geval as **v** optreë: '**ra:vəl**² naas '**ra:fəl** *rafel* (vgl. Ndl. '**ra:fələ** *rafelen*), '**skəlvər** *skiluer* naas '**skəlfər** *skilfer* (vgl. Ndl. '**sxəlfərə** *schilferen*), '**stɔvərəx** *stowwerig* naas '**stɔfərəx** *stofferig* (vgl. Ndl. '**stɔfəx** *stoffig*).

603. Dis maklik om te begryp dat in die lettergreep sonder hoofklem **f**, die klank met 'n kragtiger asemstoot, vervang word deur **v**, die klank met 'n swakker asemstoot.

604. In **sax** *sag* naas **saf** *saf* het ons met twee vorme van dieselfde woord te doen.³ Die **x**-vorm gaan terug op Ndl. **zaxt** *zacht*, met **xt** uit **ft**; die **f**-vorm bestaan nog in die Nederlandse volkstaal.⁴

605. By baie sprekers word gehoor **disɛldə**, naas **disɛlə**, vir **disɛlfdə** *dieselfde*. Ons het hier 'n geval van assimilasië, ten gevolge waarvan die labiodentale konsonant **f** verdwyn tussen die twee alweolêre konsonante **l** en **d**.⁵

606. By werkwoorde met **f** wat teruggaan op Ndl. **v**, word dikwels naasmekaar gevind kort vorme met **f** op die end, naas langer vorme met slot-**və**, waarby **v** staan in die lettergreep sonder hoofklem en tussen klinkers of tussen **l**, **r** en 'n klinker: **skreɪf** *skryf* naas '**skreivə** *skrywe*, **leɪf** *leef* naas '**le:və** *lewe*, **grɪf** *erf* naas **ɛrvə** *erwe*, **dɔlf** *dolf* naas '**dɔlvə** *dolwe*, ens.

¹ Dieselfde toestand van sake, maar dan nog versterk, bestaan ten opsigte van die begin van woorde van vreemde oorsprong: so sê die een **fa:s**, die ander **va:s** *vaas*. Hierdie geval laat ons verder buiten bespreking.

² L. Maré, *Die Jong du Pree*, bl. 15, skrywe *ontrawel*.

³ Deels is dit doeblette, nl. versover *sag* sowel in figuurlike as letterlike sin gebruik word, *saf* daarenteë net in letterlike sin.

⁴ Die vorm bestaan ook in Eng. **spft** *soft* en Du. **zanft** *sanft*.

⁵ Vgl. Vondel, *Palamedes*, vs. 88: *de zelde man*.

607. Met een uitsondering, word hierdie *v* voorafgegaan deur : (i) 'n lang klinker ; (ii) 'n tweeklank ; (iii) *l* of *r*. Die uitsondering word gevorm deur die kort klinkers *i* en *u*¹ : *ɔntrif ontrief* naas *ɔntrivə ontriewe*, *skruf skroef* naas *skruvə skroewe*, ens.

608. In die langer vorme het ons stellig die ouer, klankwettige vorme van Afrikaans te sien.

609. Die intervokale *v*² is soms uitgestoot, met daaropvolgende wegval van die slot-*ə* : *xɛ: gee* naas *xɛ:və gewe* in afleidinge soos *bə-, fərxe:və, xlo: glo* naas *xəlo:və gelowe*. Soms is net die kort vorm oorgebly : bv. *blɛi bly* (vgl. *fərbleif verblyf* en Ndl. *blɛivə blijven*).

v

610. Die Afrikaanse *v*-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die vorming as volg is :—

(i) *Artikulerende organe*.—Die onderlip, teen die botande, 'n klein bietjie meer agtertoe en 'n klein bietjie stewiger as by *f*. Die tong is ongeveer in die *ə*-stand (die neutrale stand of die stand van rus).

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Vernou by die punt van artikulasie, d.w.s. tussen onderlip en botande. Die vernouing is 'n ietsie sterker as by *f*.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

v is die *stemhebbende labiodentale frikatief*. Van prakties-Afrikaanse standpunt is *v* die stemhebbende vorm van *f* (vgl. § 594).

611. *v* is 'n gewone klank in Afrikaans :—

(i) Veral voor klinkers aan die begin van 'n lettergreep : *vɛrk werk, fərveit verwyf, le:və lewe, vai: waai*, ens.

(ii) Ook na 'n paar medeklinkers aan die begin van 'n lettergreep : *dve:p dweep, kveil kwyl, sva:r swaar, tve: twee*, ens.

Op die end van 'n lettergreep kom *v* nie voor nie (vgl. § 577).

612. Oor die vervanging van *v* deur *u* na 'n medeklinker, kyk § 581 en §§ 587 en 588.

613. Oor die afwisseling van *v* met *b*, kyk §§ 409 tot 411.

614. Oor die afwisseling van *v* met *p*, kyk § 397 (b)).

615. Daar bestaan 'n stuk of wat vorme naasmekaar waarby intervokale *v* in die een verdwyn het, in die ander bewaar is : bv. *o:r oor* naas *o:vərɛxə owerige* en *o:vərɛxəns owerigens*, *to:r toor* naas *bəto:vər betower*, *bo: bo* (vgl. § 608) naas *bo:vəndin bouwendien*.

Die tweede stel vorme is deurgaans jonger.

616. Die uitspraak *kalərs* word gehoor vir *kalvərs kalwers*, wat die gevolg is van assimilasie. Die eerste vorm is af te keur.

¹ Wat in Nederlands ewenwel lank kan wees.

² *l* en *r* word hier as klinkers beskou, wat dit eintlik ook is.

S

617. Die Afrikaanse s-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die vorming as volg is :—

(i) *Artikulerende organe.*—Die punt van die tong, teen die middel, en die blad van die tong, teen die agter van die tandwortels. Die tong is plat, d.w.s. nie puntig nie, met die rande weerskante lossies teen die tande. Die tande is naby mekaar, soos by t.

(ii) *Stand van die mondkanaal.*—Vernou by die punt van artikulasie, d.w.s. tussen bladpunt en tandwortels, maar nie stewig nie.

(iii) *Stand van die neuskanaal.*—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande.*—Vanmekaar, soos vir asem.
s is die stemlose alweolêre frikatief.

618. Uit die vorige paragraaf blyk dat die punt van artikulasie by s dieselfde is as by t en d.

619. s is 'n gewone klank in Afrikaans, sowel aan die begin as op die end van 'n lettergreep, beide naas klinkers en naas bepaalde medeklinkers : **sa:t** *saad*, **seil** *seil*, **sla:p** *slaap*, **sta:n** *staan*, **sve:p** *sweep*, **kɛ:rs** *kêrs*, **nɛks** *niks*, **peits** *peits*, **fals** *vals*, **fœys** *vuis*, ens.

620. Deur aanpassing, nl. van die vreemde klank aan die inheemse wat daar die naaste by staan, neem Afr. s by woorde van vreemde oorsprong die plek in :

(i) van f (vgl. § 629) : **sɛrp** *serp* (< Ndl. *fɛrp* *sjerp*, Fr. *ɛfarp* *écharpe*), **sarsi** *sarsie* (< Ndl.-Fr. *fɑrʒ*(ə)¹ *charge*), **sa:rəl** *Sarel* (< Fr. *fɑrl* *Charles*),² **tərblā:s**³ *Terblanche* (< Fr. *t rblā:f* *Terblanche*), ens.

(ii) van ʒ (vgl. § 629) : **luse:r** *loseer* (< Ndl. *lo:ʒe:rə* *logeren* Fr. *lɔʒe* *loger*), **orlo:si** *oorlosie* (< Ndl. *hɔrlo:ʒə* *horloge*, Fr. *ɔrlo:ʒ* *horloge*), **lə xrā:si** *le Grange* (< Fr. *la ɡrā:ʒ* *la Grange*), **fisa:si** *Visage* (< Fr. *vizaʒ* *Visage*).

621. Die vorme in die vorige paragraaf as Afrikaans bestempel, sal deels uit Nederland oorgebring wees, waar sodanige vorme nog in die volkstaal bestaan. Die opmerking bly in die algemeen eweseer van krag en versoer die vorme ook in Nederlands bestaan, geld dit netsogoed vir daardie taal.

¹ Die ə - vorm is die Nederlandse uitspraak.

² Die vorm **sa:rəl** kan ook uit Nederlands oorgeneem wees, want in die volkstaal kom dit voor, vgl. o.a. Schrijver, *Stormgetij* 1, bl. 93 : „De jonge luitenant, die hem . . . namens zijnen heer *Sarel* van Horder . . . was komen spreken.”

³ Ook **tərblā:s**.

⁴ In die volkstaal, veral by Kaapse gekleurdes, kan dikwels gehoor word **sɔ:rs** *Sors* (< Fr. *ʒɔʒ* *George*). By Sangiro, *Op Safari*, bl. 60, heet 'n esel „Loid *Sors*.” **ʒɔ:rs** *Jors*, wat naas **sɔ:rs** kan gehoor word, is uit Eng. **ʒɔ:ʒ** *George*, waar aanvangs-**ʒ** as **j** uitgespreek word en **r** gehoor word, soos maar alte dikwel kan waargeneem word.

622. Daar **z**, die stemhebbende vorm van **s** (kyk § 625), in Afrikaans beperk is tot 'n paar jonger woorde van vreemde oorsprong, moes **ʒ**, die stemhebbende vorm van **ʃ**, aangepas word aan **s**.

623. Deur persone wat „met hulle tong stoot” (veral kinders) word **s** vervang deur **θ**.¹ Hierdie klank verskil van **s** ten opsigte van die punt van artikulasie. By **θ** word die vernouing gevorm deur die punt van die tong teen die onderste rand van die botande (die punt kan ook effentjies tussen die tande wees, maar dis gewoonlik nie die geval nie). Ons noem **θ** die *stemlose dentale frikatief*.

Dis die enigste suiwer dentaal wat in Afrikaans bestaan, versover dit 'n Afrikaanse klank mag genoem word (vgl. § 173).

624. Van Afrikaanse standpunt beskou, ly die persoon wat **θ** uitspreek i.p.v. **s** aan 'n spraakgebrek. Hierdie spraakgebrek kan maklik afgeleer word, deur daarop te wys dat die punt van die tong nie teen die botande moet wees nie, maar verder agtertoe, nl. teen die tandwortels.²

z

625. **z** is die stemhebbende vorm van **s** en is in Afrikaans beperk tot 'n paar jonger woorde van vreemde oorsprong. Daar is net een lid van die **z**-foneem, waarvan die vorming gelyk is aan die van **s**, behalwe ten opsigte van:—

(iv) *Die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

z is die *stemhebbende alveolêre frikatief*.

626. **z** kom net voor aan die begin van 'n lettergreep voor 'n klinker. Soos gesê, is dit beperk tot 'n paar jonger woorde van vreemde oorsprong: **ze:nət** *zenit*, **zulu** *Zoeloe*.

627. Sommige Hollandse Afrikaners besit waarskynlik glad nie die **z** in hulle uitspraak nie, maar net **s**. So is daar diegene wat sê **sulu** vir **zulu** *Zoeloe*.

628. Die Hollandse Afrikaner moet veral oppas om die Engelse en nog meer die Nederlandse **z** nie soos die Afrikaanse, d.w.s. volledig-stemhebbend uit te spreek nie.

¹ Dis 'n gewone klank in Engels: bv. **θɔ:t** *thought*, **θɪŋk** *think*, ens.

² Dis bekend dat die Afrikaans-sprekende kind aanvanklik baie moeite het met Eng. **θ**, soos trouens ook met sy stemhebbende maat **ð**: bv. **fɑ:ðər** *father*, waarvan eweneens **s** gemaak word, soms **d**.

As die ou metode van bloot voorsê gevolg word, kan dit soms baie lank duur (maande en langer) voor 'n Afrikaans-sprekende kind Eng. **θ-ð** leer uitspreek. Die foneties-onderlegde onderwyser daarenteë kan 'n kind die klanke in 'n paar oomblikke bybring.

f

629. Die Afrikaanse f-foneem bestaan net uit een lid,¹ waarvan die vorming as volg is :—

(i) *Artikulerende organe.*—Die punt van die tong, teen die agter van die tandwortels, en die blad, teen die voor van die hardegehemelte. Die „voor” gaan tegelykertyd in die hoogte, in die rigting van die hardegehemelte : nie baie nie, maar tog op duidelik voelbare wyse. Daar is sydelingse sametrekking van die „voor,” waardeur iets van 'n nogal breë gleufie in daardie deel ontstaan. Die afstand tussen die tande is ietsie kleiner as by t en s, die lipspleet korter (mondhoeke meer gesluit) en vlakker. Daar's geen vooruitsteking van die lippe nie.²

(ii) *Stand van die mondkanaal.*—Vernou by die punt van artikulasie, d.w.s. tussen bladpunt en agter van tandwortels en voor van hardegehemelte. Die vernouing is breër, dieper (losser) en langer as by s, soos duidelik voelbaar is uit die koue gevoel wanneer die respektiewe klanke s en f agtereenvolgens i.p.v. uit-, ingeasem word.³ Dit word dan onmiddellik duidelik dat by f 'n groter deel van die tong betrokke is as by s.

(iii) *Stand van die neuskanaal.*—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande.*—Vanmekaar, soos vir asem.

f is die *stemlose palato-alweolêre frikatief*. Die stemhebbende vorm (nl. 3) bestaan nie opsigself in Afrikaans nie.⁴

630. In vergelyking met s klink f breër, dieper (dikker) en sissend, wat in ooreenstemming is met die verskil in die stand van die mondkanaal. 'N goeie middel om die verskil tussen f en s goed te vat is om s uit te spreek en aan te hou, en dan, sonder onderbreking van die asem, oor te gaan tot f.

631. Volgens Jespersen⁵ bestaan die kenmerkende eienskap van f daarin, dat die tong nooit artikuleer met die gedeelte van die monddak wat in die posiesie van rus direk daarteenoor lê nie, maar altoos met 'n gedeelte meer vorentoe of meer agtertoe. Dit is stellig 'n kenmerk van die klank. In Afrikaans word f 'n ietsie meer agtertoe gevorm.

632. 'N belangriker kenmerk is egter die sydelingse sametrekking van die tong en die stand van die lippe. Die sydelingse same-trekking van die tong laat 'n gleufie ontstaan, wat verskil in diepte en lengte in verskillende tale. Hoe meer die tong teruggetrek word, hoe sterker is die sydelingse sametrekking, en omgekeerd. In

¹ Ons reken hier nie mee die twee tiepes van f wat voorkom by die eerste en tweede lid van die afrikaat **tf** nie (vgl. §§ 538 en 542). Die f van die derde lid van die **tf**-foneem (vgl. § 546) is gelyk aan die f hier.

² Dis moontlik dat sommige sprekers die lippe bietjie vooruitsteek en rondmaak, maar reël is dit nie.

³ Klanke word deurgaans gevorm deur uitgaande asem, maar elke klank kan ook gevorm word deur lug van buite. By vernouingsklanke is inaseming soms 'n gerieflike toets aangaande die punt van artikulasie en wel vanweë die koue gevoel wat die ingaande lug veroorsaak.


⁴ Ons het wel verskillende tiepes daarvan in die afrikaat **ɸ** (kyk § 550).

⁵ *Lehrbuch*¹, § 47, waar die f-foneem breedvoerig en grondig behandel word.


Engels is dit sterk : bv. in *fæ1 shall* ; in Duits is dit so goed as afwesig, bv. in *fø:n schön* ; in Afrikaans is dit aanwesig in 'n tussengraad.

633. Die lipstand kan in hoofsaak drieërlei wees :—

- (i) Gerond en vooruitgesteek. Dis die geval in Duits.
- (ii) Gesprei, met die mondhoeke ietsie agtertoe getrek. Dis die geval in Engels.
- (iii) Min of meer neutraal. Dis die geval in Afrikaans.



Tek 15.—Tongstand by *f*.



Tek. 16.—*s*.

Tek. 17.—*f*.

Palatogramme van die tweede outeur, wat duidelik wys waar die tong die gehemelte bestryk as *s* en *f* uitgespreek word. Let op dat die vernouing by *s* meer vorentoe en nouer is as by *f*.

634. Die lipstand gaan saam met die stand van die tong. Namate die tong vorentoe gaan, word die lippe gerond en voor-uitgesteek; namate die tong teruggetrek word, kry ons gespreide lippe; namate die tong horisontaal-neutraal is, ontstaan neutrale lipstand. Ons vind verskillende toestande in verskillende tale.

635. Met uitsondering van 'n enkel kultuurwoord, bv. **fe:tif** *fetisj* en **qara:f** *garage*, kom **f** in Afrikaans net aan die begin van 'n lettergreep voor, nl. voor klinkers.

636. **f** word in Afrikaans in twee gevalle gehoor:—

(i) In 'n nie-talryke aantal woorde van vreemde oorsprong, deurgaans jonger ontleninge: **fina** *Sjiena*, **fampañji** *sjampanjie*, **filəŋ** *sjieling*, **tokola:də** *sjokolade*, **orifine:l** *origineel*, ens.¹

(ii) In „plat” Afrikaans i.p.v. **ç** (vgl. § 643) of **x** (vgl. § 656), nl. voor voorklinkers en die tussenklinkers **ə** (wat dikwels oorgaan tot **e**) en **æ**: **fe:** (i.p.v. **çe:** of **xə:** *gee*), **fglt** (i.p.v. **çglt** of **xglt** *geld*), **fəf** of **fef** (i.p.v. **xəf** *gif*), **fəlp** (i.p.v. **xəlp** *gulp*).²

637. Van die aan Nederlands ontleende woorde onder (i) word sommige deur sommige sprekers met **x** uitgespreek i.p.v. **f**: **xirœrx** *girurg* naas **firœrx** *sjirurg*, **arxitekt** *argitek* naas **arfitekt** *arsjitek*, ens. Gewoonlik sal die een persoon die een, die ander die ander uitspraak besit, maar altwee kan by dieselfde persoon gehoor word.

Oor die algemeen kan gesê word dat die **f**-uitspraak begunstig word deur diegene by wie die Nederlandse kultuur van invloed is.

638. Die uitspraak onder § 636 (ii) is sterk af te keur. Dit kan ewenwel dikwels gehoor word namate die W.P. verlaat word, ook by beskaafde mense.

639. By die woorde onder § 636 (i) is die oudste uitspraak stellig **s** i.p.v. **f**. Dit blyk uit die volgende:—

(i) Dis veral bewaar in die oudste woonstreke van ons land, nl. die W.P., waar by beskaafde, ontwikkelde persone die volgende kan gehoor word (vir baie die enigste uitspraak is): **sina** *Siena*, **sine:s** *Sinees*, **resimənt** *resiment*, **sərsənt** *sarsant*, **aspgrsi** *aspersie*, **sampijun** *sampijoën*, ens.

(ii) Dit word veral by die ouer geslag gehoor.

(iii) Dis beperk tot die ouer ontleninge, wat dus feitlik inheems geword het (vgl. die voorbeelde onder (i)).

(iv) Dis die so goed as uitsluitende uitspraak van die dele waar die vreemde kultuur nie deurgedring het nie.

640. Dat **s** in hierdie geval, onder kultuurinvloed, deur **f** verdring is of besig is om verdring te word, blyk duidelik uit die volgende voorbeeld: **siləŋ** *sieling* (< Eng. **ʃilɪŋ** *shilling*), is die oudste uitspraak en was vrywel die enigste. In die laaste tyd wen

¹ Daar's 'n algemene gewoonte onder ons om die *sj* van Ndl. verkleinwoorde op **s** as *sj* uit te spreek. Dis heeltemal verkeerd. Ndl. *sj* stel hier een klank voor, nl. **ʃ**: bv. **də:ʃə** *doosje*. Ndl. **f** mag beskou word as gelyk aan Afr. **f**.

² Waarskynlik gaan **æ** ook by sommige oor tot **ə**.

filən veld, dog nie as 'n organiese ontwikkeling nie, maar onder invloed van die Engelse uitspraak.

Van die algemene persoonsnaam *Sarel* (vgl. § 620 (i)) is *sa:rəl* die enigste uitspraak.¹

ç

641. Daar bestaan net een lid van die Afrikaanse ç-foneem, waarvan die vorming as volg is:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die voor van die tong, teen die middel van die hardeghemelte. Die punt van die tong is gedruk teen die onderste gedeelte van die ondertande. Die „voor” is (in sy gewelfde vorm) gesprei (breed), met die rande aan weerskante teen en tussen die bo- en ondertande.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Vernou by die punt van artikulasie, d.w.s. tussen die „voor” en die hardeghemelte.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—Vanmekaar, soos vir asem.

ç is die *stemlose palatale frikatief*.

642. ç is die frikatief wat beantwoord aan die stemlose middel-palatale eksplisief c (vgl. § 458).²

643. ç word gehoor, versover dit voorkom, in die volgende twee gevalle:—

(i) Voor die voorklinkers: *çitar gieter*, *çe: gee*, *çe:l geel*, *çø:t geut*, *çelt geld* (voor y ontbreek voorbeelde), ens.

(ii) In „plat” Afrikaans ook voor die tussenklinkers ə (wat dikwels oorgaan tot e) en œ (vgl. § 636 (ii)), i.p.v. x (kyk § 656): *çəf* of *çef* (i.p.v. *xəf gif*), *çœlp* (i.p.v. *xœlp gulp*).³

644. ç in die geval onder (i) is waarskynlik veral verbreid in die W.P. Ook daarbuite ewenwel kan dit by baie oor die hele spraakgebied gehoor word. By 'n paar woorde (o.a. *çe:l* en *çelt*) is dit waarskynlik die verbreidste volksuitspraak. Dis waarskynlik dat onder skoolinvloed (invloed van Nederlands) ç gebied verloor het ten voordele van x. Sommige sprekers egter skyn nooit ç te gebruik nie, maar dit te vervang deur die voor-velère frikatief x (kyk § 660).

645. In die geval onder § 643 (i) is daar sprekers wat ç sal vervang deur x:—

(i) Wanneer naburige klanke die x-uitspraak begunstig. So sal persone by wie ç in genoemde posisie die gewone klank is, tog sê *xɛk*⁴ en nie *çɛk* nie (wat ewenwel bestaan). Die velère eksplisief k maak dat die velère x hier nie oorgaan tot die palatale ç nie.

¹ Ons kom die laaste tyd op papier teë die spelling *Charl*, wat seker bedoel is om Fr. *Jarl Charles* voor te stel. Dis egter nie 'n Afrikaanse uitspraak nie, dis „papier-taal”.

² Diegene wat die prepalatale i.p.v. die middel-palatale eksplisief uitspreek (vgl. § 471), sal wel die prepalatale i.p.v. die middel-palatale frikatief ç laat hoor. In so ver sou daar dan twee lede van die ç-foneem wees.

³ Waarskynlik gaan œ by sommige ook oor tot ø.

⁴ O.a. die eerste outeur.

(ii) Wanneer dit geld meer verhewe, min of meer kultuurwoorde (waar aanpassing aan die Nederlandse uitspraak, so goed en so kwaad soos dit gaan, die deurslag gee): *xɛ:s gees, xɛ:stələk geestelik, xɛldəx geldig*.

Ander daarenteë sal in altwee gevalle *ç* uitspreek.

646. Uit die posiesie is dit duidelik dat die voorbeelde van *ç* onder (i) taamlik beperk is.

647. *ç* in die geval onder § 643 (ii) word gehoor namate die W.P. verlaat word. Die uitspraak is sterk af te keur in hierdie posiesie.

648. Die oorgang van *x* tot *ç* en, by sommige, die daaropvolgende van *ə* tot *e* (en waarskynlik ook van *œ* tot *ø*) is die gevolg van palatalisasie (kyk § 494). In albei gevalle het ons gedeeltelike assimilasie, wat in die tweede geval van wedersydse aard is (vgl. § 839 (iv)).

649. Vir die oorgang van *ç* tot *j*, kyk § 636 (ii).

650. Vir die oorgang van *x* tot *x̣*, voor *l* en *r*, kyk §§ 687 en 691.

j

651. In plaas van die halfvokaal *j* (kyk § 794), kan die frikatief *j*, gehoor word. Die vorming is dan gelyk aan die van *ç* (kyk § 641) met uitsondering van een punt:—

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word.

j is die *stemhebbende palatale frikatief*.

652. Die frikatief *j* behoort tot dieselfde foneem as die halfvokaal *j*. Dieselfde teken word vir albei gebruik.

653. Die frikatief *j* kan gehoor word wanneer die lettergreep waarin dit voorkom met besonder nadruk uitgespreek word: bv. 'ja: ja, 'jælə, ni 'ʒ:s ni julle, nie ons nie.

654. Die voorkom van die frikatief *j* is deels iets individueels, deels waarskynlik ook iets lokaals. In verband met die bestaan van die frikatief *j* moet onthou word dat die Afrikaanse halfvokaals gewoonlik iets harder, minder klinkeragtig (meer frikatief) is *ja* bv. die Nederlandse of Engelse halfvokaal *ja*.

655. Om twyfel of onsekerheid te kenne te gee, word in Afrikaans dikwels die twee klanke van die woordjie *ja* gefluister i.p.v. met stem uitgespreek. Die fonetiese teken vir fluister is 'n omgekeerde, onder die klank in kwessie, dus *ç*: bv. *ja, vat sal ək sç: ja, wat sal ək sç!*¹

x

656. Die Afrikaanse *x*-foneem bestaan uit twee lede, wat beantwoord aan die twee lede van die *k*-foneem (kyk §§ 478 en 480). Die eerste lid van die *x*-foneem word behandel in § 658, die ander in § 660.

¹ Vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*, § 136 en die note aldaar.

Die tweede lid word net aangetref voor voorklinkers ; in die ander posiesies het ons die eerste lid.

657. Dis nie nodig om in 'n breë transkripsie aparte tekens vir die twee lede te gebruik nie. Ook blyk dit voldoende uit die posiesie watter lid bedoel word. Indien verkies, kan die tweede lid getranskribeer word x^+ .

658. Die eerste lid van die x -foneem word as volg gevorm :—

(i) *Artikulerende organe*.—Die agter van die tong, teen die middel van die sagtegehemelte. Die punt van die tong is agter die ondertande, maar sonder dit te raak.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Vernou by die punt van artikulasie, d.w.s. tussen die „agter” en die middel van die sagtegehemelte, maar nie sterk nie.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—Vanmekaar, soos vir asem.

Hierdie x is die *stemlose middel-velêre frikatief*.

Altwee lede is stemloos ; die stemhebbende vorm bestaan nie in Afrikaans nie.

659. Hierdie lid van die x -foneem is 'n gewone klank in Afrikaans, sowel aan die begin as op die end van 'n lettergreep, beide naas klinkers (voorklinkers uitgesluit aan die begin van 'n lettergreep) en bepaalde medeklinkers (xl , xr en lx , rx): $xa:r$ *gaar*, $xoi:$ *gooi*, $xl\text{əp}$ *glijp*, $xrui$ *groeï*, $la:x$ *laag*, $m\text{œ}rx$ *murg*, $valx$ *walg*, ens.

660. Die tweede lid van die x -foneem verskil van die eerste net ten opsigte van :—

(i) *Artikulerende organe*.—Hier word die vernouing gevorm tussen die agter van die tong en die voor van die hardegehemelte, of, presies uitgedruk, tussen die „agter” en die agterste gedeelte van die hardegehemelte en die voorste gedeelte van die sagtegehemelte. Die punt van die tong is lossies teen die ondertande (d s nie so stewig as by ζ nie) of nagenoeg daarteen.

Hierdie lid is die *stemlose voor-velêre frikatief*.

661. Hierdie lid word net gehoor voor die voorklinkers (i , y , e , ø , ε): $xit\text{ə}r$ *gieter*, $xy:r$ *guur*, $x\text{e}:$ *gee*, $x\text{ø:t}$ *geut*, xgk *gek*, $xglt$, *geld*, ens.

Hierdie x word gebruik deur die persone wat nie ζ besit nie (kyk § 644).

662. Histories beskou, is die tweede lid ontstaan uit die eerste, deurdat die volgende voorklinker (palatale klinker) die x nader na hom toe getrek het. Ons het hier dus 'n geval van gedeeltelike assimilasië. Ons noem gevolglik die eerste die primêre, die tweede die sekondêre x^1 (vgl. § 482).

663. In sommige tale, bv. Nederlands, is die verskil tussen die primêre en die sekondêre lid van die x -foneem duideliker hoorbaar as in Afrikaans, deurdat die afstand tussen die twee respektiewe artikulasiepunte groter is: vgl. maar die ooreen-

¹ Hiermee is natuurlik nie gesê dat die oorgang op Afrikaanse bodem plaasgevind het nie.

stemmende stemhebbende frikatief **g** van Ndl. **gītər** *gieter* met die van Ndl. **gut** *goed*.¹ Ook in Afrikaans egter is die verskil goed hoorbaar en duidelik sigbaar.

664. Die Afrikaanse **x** het, ten spyte van sy stemlose karakter, iets betreklik sags, veral in vergelyking met die Ndl. **x**. Dit is toe te skrywe aan die omstandigheid dat hy betreklik voor gevorm word en die vernouing, m.a.w. die daardeur ontstane geruis, nie baie sterk is nie.²

665. In 'n woord, versover **x** nie staan in die lettergreep met hoofklem nie, word hierdie klank op een van drie maniere behandel, nl.: (i) gesinkopeer, (ii) verander in die stemhebbende velere eksplisief **q** (hierby word ingesluit die assimilasië-formasies van §§ 511 volg., (iii) behou.

666. Omtrent sinkopee van **x** is die volgende op te merk :—

(i) **x** word gesinkopeer tussen 'n klinker met hoofklem en **ə**, sowel buiten as binne die fleksie ; daarby word die voorafgaande klinker, indien kort, lank : '**re:əl** *reël* (vgl. Ndl. **re:gəl** *regel*), '**fo:əl** *voël* (vgl. Ndl. **vo:gəl** *vogel*), **klə:ə** *klae* (vgl. Ndl. **klə:gə** *klagen*), '**fli:ə** *vlieë*, mv., naas ekv. **fli:x** *vlieg*, '**fra:ə** *vrae*, mv., naas ekv. **fra:x** *vraag*, '**o:ə** *oë*, mv., naas ekv. **o:x** *oog*, '**lɛ:ər** *lêer* (vgl. Ndl. **lɛ:gər** *legger*), '**plu:ə** *ploeë*, mv., naas ekv. **plux** *ploeg*, **ɛ:ə** *êe*, mv., naas die ekv. **ɛx** *eg*, **və:ə** *wie*, mv., naas die ekv. **vəx** *wig*, **brə:ə** *brue*, mv., naas die ekv. **brœx** *brug*, ens.

(ii) By vorme buiten die fleksie bly **x** soms na 'n kort klinker : **bɔxəl** *boggel*, **kaxəl** *kaggel*, **rɔxəl** *roggel*, ens.

667. By sinkopee van **x** in die geval van werkwoorde kan gebeur dat :—

(i) Die slot-**ə** hetsy ook wegval, hetsy bly : **klə:** naas **klə:ə** *kla(e)*, **plu:** naas **plu:ə** *ploe(ë)*, ens. Die kort vorme lyk oor die algemeen gewoner.

(ii) Net die kort vorm oor is : **dra:** *dra* (naas bv. **dra:x***hout draaghout* en Ndl. **dra:gə** *dragen*), **krɛi** *kry* (naas Ndl. **krɛi:gə** *krijgen*).

668. By werkwoorde kan ons drie vorme kry by een en dieselfde werkwoord :—

(i) Met **x** op die end : **klə:x** *klaag*, **plux** *ploeg*, ens.

(ii) Met sinkopee van **x** : **klə:ə** *klae*, **plu:ə** *ploeë*, ens.

(iii) Met sowel sinkopee van **x** as wegval van die slot-**ə** : **klə:** *kla*, **plu:** *ploe*, ens.

669. Omtrent die twee- of drieledige stelle vorme van die vorige twee paragrawe is die volgende op te merk :—

¹ Afgesien van woord- en sinsassimilasie beantwoord Afr. **x** aan die begin van 'n lettergreep aan Ndl. **g**.

² Vgl. Van Haeringen in *Nieuwe Taalgids XVIII.*, bl. 78-79. Van belang is die aldaar gemaakte opmerking dat „meer naar voren op de tong gevormde [x] klanken” baie gehoor word in Zuid-Holland en in die suidooste van Nederland.

(i) Dit moet nog ondersoek word of die gebied van die verskillende vorme nader aan te duie is. Gewoonlik sal dieselfde persoon by dieselfde werkwoord nie meer as een vorm gebruik nie.

(ii) In die vorme met sinkopee van **x**, met of sonder wegval van die slot-**ə**, het ons seker die ouer, klankwettige Afrikaanse vorme te sien.

(iii) Woorde van jonger datum wat aan Nederlands ontleen is, hetsy aan die skryftaal, hetsy aan die spreektaal, soos kultuurwoorde in die algemeen, het net die vorm of **x**, die sogenaamde stamvorm: **fərfa:x** *vervaag*, **sla:x** *slaag*, **fərtra:x** *vertraag*.

(iv) Dat in die volgende gevalle geen sinkopee van **x** plaasgevind het nie, is sonder twyfel aan die emosionele faktor¹ toe te skrywe: **fi:ix** *hyg*, **lix** *lieg*. Hierdie woorde sou hulle gevoelswaarde verloor as die skerp frikatief **x** moes verdwyn.

Die werking van hierdie faktor blyk o.a. uit die omstandigheid dat die versagtende vorm van **lix** **li** *lie* is.

670. Vir die oorgang van **x** tot **q**, kyk § 510 (ii) en (iii) en §§ 516 en 517. Hierby word ingesluit die assimilasië-formasies.

671. **x** word behou: —

(i) Voor die verkleiningsuitgang **-i -ie**: **o:xi** *ogie*, **sa:xi** *sagie*, **laxi** *laggie*, ens.

(ii) Voor die uitgang **-əŋ -ing**: **fərtra:xəŋ** *vertraging*, **fərɦo:xəŋ** *verhoging*, ens.²

(iii) Tussen twee swakbeklemde **ə**'s: **xrapəxə** van **xrapəx** *grappig*, **nətəxə** van **nətəx** *nuttig*, ens.

(iv) Tussen 'n kort klinker, met hoofklem, en **ə** by sommige vorme buiten die fleksie (vgl. § 666 (ii)): **kaxəl** *kaggel*, **bəxəl** *boggel*, **rəxəl** *roggel*, ens.

672. By jonger woorde, kultuurwoorde, kortom woorde wat nog nie tot die algemene taalskat van die volk mag gereken word nie, kan **x** behou word in die gevalle onder § 666. So sal die een sê **ei:xəna:rdəx** *eigenaardig*, **xənu:xə** *genoeg*, **te:xəl** *tegel*, die ander daarenteë **eiəna:rdəx**, **xənu:ə**, **te:əl**. Die laaste woord is uiteraard 'n jong woord, maar ook van die eerste twee kan dit in seker mate gesê word, want die volk sal hier respektiefliek praat van **sna:ks** *snaaks* en **pəlsi:r** of **pəlsi:r** *plesier*.

In die geval onder § 666 (i) gaan Afrikaans egter stellig in die rigting van sinkopee, wat waarskynlik verder gegaan het in die W.P., veral die K.-W.P., as daarbuite.

673. Deur metatesis is gewoon **xər'na:t** naas en uit **xra'na:t** of **xrə'na:t** *granaat*. Vir die voorwaardes van die klankomsetting kyk § 393.

By ander dergelik gevormde woorde sal gevind word dat die vereiste voorwaardes nie aanwesig is nie, of, indien wel, dat daar 'n belemmerende faktor is, bv. kultuurinvloed.

¹ Vgl. Jespersen, *Language*, bl. 276-277.

² In hierdie geval kan weleens **g** gehoor word.

674. Vir die vorme **nyskiræx** en **bōska:si**, kyk § 492.

675. Interessant is die vorm **fei vy** naas Ndl. **v̄gix viġ**. Die **x** kan alleen intervokalties verdwyn, 'n posiesie wat in die enkelvoud nie bestaan nie. Die vorm **fei** moet dan een wees wat nie langs klankwettige weg ontstaan het nie, maar geabstraheer is uit die meervoud, na analogie bv. van enkelvoude soos **lei lei** naas die mv. **leiə leie**, **jækskei jukskei** naas die mv. **jækskeiə jukskeie**.¹ Sulke abstraksies is in die taalgeskiedenis nie onbekend nie.²

676. Naas **na:əl nael** en **tø:əl teuel** (vgl. Ndl. **na:gəl nagel** en **tø:gəl teugel**) kan by baie gehoor word **na:vəl nawel** en **tø:vəl teuwel**. **na:vəl** moet as 'n sogenaamde kontaminasievorm beskou word, ontstaan onder invloed van **na:vəl nawel** (Ndl. **na:vəl nawel**). In **tø:vəl** sal **v** as oorgangsklank ontstaan het tussen **ø**: en **ə**.

677. **x** verdwyn, met verlenging van die voorafgaande klinker, in die verdubbeling **rɛ:ræx rêrig** naas en uit **ræxræx regreg**.

678. Voor die uitgang **-læk(s) -lik(s)** kan naas mekaar gehoor word vorme met **x** op die end van 'n lettergreep, naas die met gesinkopeerde intervokale **x**: **da:x-læks daaglik** naas **da:əlæks daeliks**, **de:x-læk deeglik** naas **de:əlæk deëlik**.

679. Hierdie vorme gaan terug op dergelike Nederlandse vorme: die eerste op die waar **x** op die end van 'n lettergreep staan en dus in Afrikaans behou is, die tweede op die waar die Nederlandse frikatief deur **ə** gevolg word, dus intervokalties is en in Afrikaans gesinkopeer word.³

680. Ons moet by gevalle soos hierdie egter ook oppas vir sisteemdwang, m.a.w. om te redeneer as volg: die mv. van **dax dag** is **da:ə**, dus **da:əlæks**.

681. Waar **nt** aan die uitgang voorafgaan, is sinkopee van **x**, en vervolgens van die daaropvolgende **ə**, die gewone uitspraak in Afrikaans: **ɛintlæk eintlik**, **mo:ntlæk moontlik**⁴ (vgl. Ndl. **ɣigənlæk eigenlik**, **mo:gəlik moegelik**).

682. Naas **de:x-**, **de:əlæk** kan ook gehoor word **de:tlæk deetlik**. Vanwaar hierdie **t**? 'N Nederlandse vorm met **nt** is ons nie bekend nie en, as dit bestaan of bestaan het, wat het dan van die **n** geword?

683. Vir die oorgang van **x** tot **ç**, kyk § 643 volg.

684. Vir die oorgang van **x** tot **ʃ**, kyk § 636 (ii).

685. Voor **R** (kyk § 703), m.a.w. by sprekers wat „brei”, word die vernouing vir **x** gevorm met die „agter” teen die agter van die sagtegehemelte. **x** is hier dus die stemlose agter-velêre frikatief. Anders kom hierdie **x** ooreen met die eerste en tweede lid van die **x**-foneem.

¹ Vgl. T. H. le Roux, *Beschrijvende Klankleer*, § 109, opm. 1.

² Naas **frux vroeg** word gehoor **fru vroe**, veral in die verdubbeling **fru-fru vroe-vroe**, maar ook op sigself, as bnw. en bw. *Vroe* is reeds in Middelnederlands 'n gewone vorm, naas *vroeck*, vgl. Verdarm, *Mnl. Wdb.*, i.v.

³ Vgl. *Ndl. Wdb.* i.v. *-lijk* (iii) en Roorda, *Klankleer*, § 185.

⁴ Die ooreenstemmende vorme met **nt** is in ouer Nederlands gewoon en bestaan nog in die Nederlandse volkstaal.

686. In 'n bepaalde geval kom x genasaleer voor, nl. \bar{x} (kyk hiervoor § 782).

x

687. In die W.P., en moontlik ook elders, kan voor r gehoor word die gepalataliseerde frikatief \bar{x} , i.p.v. x (vgl. § 497).

688. Die vorming van \bar{x} is dieselfde as die van die tweede lid van die x-foneem (kyk § 660), afgesien van:—

(i) *Artikulerende organe.*—Die agter van die tong, teen die agterste gedeelte van die hardegehemelte en die voorste gedeelte van die sagtegehemelte, terwyl die voor van die tong gelyktydig sodanig in die hoogte gaan dat dit die hardegehemelte raak. Die punt van die tong is teen die ondertande, maar iets stewiger as by die tweede lid van die x-foneem en nie so veel as by ζ nie.

\bar{x} noem ons die *stemlose gepalataliseerde voor-velêre frikatief*.

689. \bar{x} beantwoord aan \bar{k} (kyk § 500). Ewenwel skyn \bar{x} en \bar{k} nie noodwendig by dieselfde sprekers gehoor te word nie, altans \bar{x} word in die W.P. gehoor by sprekers wat nooit \bar{k} gebruik nie, dit selfs na alle waarskynlikheid glad nie eers ken nie. Terwyl \bar{k} dan ook steeds as „plat” beskou word, sal \bar{x} eerder vreemd as „plat” klink.

690. Die gebied van \bar{x} kan net by benadering aangeduie word. Soveel is seker dat dit kan gehoor word in die W.P. en na die noordweste van die Kaapprovinsie toe. Dis egter 'n klank wat aan verdwyn is. Hy word meer by ou mense gehoor. Daarby skyn dit 'n klank te wees van baie beperkte gebruik. Voorbeelde: \bar{x} run vir \bar{x} run *groen*, \bar{x} ras vir \bar{x} ras *gras*, \bar{x} ro:t vir \bar{x} ro:t *groot*, ens.

691. Party van hierdie sprekers laat \bar{x} waarskynlik ook hoor voor l: bv. \bar{x} lat vir \bar{x} lat *glad*.

692. Sommige van hierdie sprekers sal \bar{x} verder palataliseer tot ζ .

HOOFSTUK XV.

DIE AFRIKAANSE TRILLER.

r

693. Die Afrikaanse r-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die vorming as volg is:—

(i) *Artikulerende organe.*—Die punt van die tong, teen die agter van die tandwortels.

(ii) *Stand van die mondkanaal.*—Die punt van die tong, lossies gehou teen die tandwortels, word deur die uitgaande asem weggedruk, maar spring, kragtens sy eie veerkragtigheid, dadelik weer